Mediaverklaring

2020 se matrieks wys hul veerkragtigheid

2021/02/22

Angie Motshekga, minister van Basiese Onderwys, het vanmiddag tydens ŉ mediakonferensie ‘n slaagsyfer van 76,2% aangekondig. Dit is ŉ daling van 5,1 persentasiepunte. Die Vrystaat het weereens uitgeblink as die top-provinsie, met Gauteng in die tweede plek. ŉ Rekordaantal van die 1 055 529 kandidate het die 2020 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) afgelê.

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) wens al die matrikulante van harte geluk. Die klas van 2020 het waarlik hul veerkragtigheid getoon ten spyte van talle uitdagings.

Afrikaanse skole het vanjaar weer hul uitstaanprestasies van vorige jare volgehou en selfs beter presteer tydens die 2020-matriekeksamen as in 2019. Hulle het, soos baie ander, nie die knie gebuig voor die Covid-19-krisis nie, maar bewys dat hulle innoverend ook hierdie struikelblok suksesvol kon oorkom.

Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) sê: “Meeste Afrikaanse skole kon vinnig reageer met ŉ behoorlike digitale strategie en in meeste gevalle kon daar net op uitgebrei word. Dié daarsonder kon ook slaag om op ander maniere vinnig te reageer. Hierdie skole bewys telkemale dat enigiets moontlik is met goeie leierskap, toegewyde onderwysers en betrokke ouers.”

Onverwerkte uitslae is vir 48 van die 65 vakke aanvaar en die Raad vir gehalteversekering in algemene en verdere onderwys en opleiding (Umalusi), is tevrede dat vraestelle aan die nodige standaarde voldoen het. Volgens Umalusi is 9 vakke opwaarts en 8 afwaarts aangepas.

Daar was vir ŉ tweede opeenvolgende jaar ook ŉ merkbare afname van ongeveer 15 000 leerders wat Wiskunde as vak geneem het. Dit is uiters belangrik om leerders aan te moedig om ten spyte van die moeilikheidsgraad tog welvaartskeppende vakke soos Wiskunde, Wetenskap en Rekeningkunde te neem. “Moenie net fokus op goeie punte nie, maar rus leerders toe om innoverend en probleemoplossend te dink, sodat hulle hul plek in die werkplek van die toekoms kan vol staan. Dit bepaal die voorspoed van ŉ land.”

Die SOS wil die sukses van 2020 se matriekgroep, saam met hul hardwerkende onderwysers en ouers, vier en glo dat 2020 nie net ŉ jaar van uitdagings was nie, maar ook een van groot geleenthede. “Met behulp van tegnologie is die toekoms van onderwys super-versnel. Dit ontsluit talle moontlikhede vir die toekoms wat voorheen ondenkbaar was. Universiteite en kolleges kry in 2021 sterker, beter studente, gereed om selfgerig te leer,” sê Buys.

Die SOS maak Dinsdag, 2 Maart 2021 hulle jaarlikse matriekverslag bekend.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum het twaalf verskillende vakverenigings wat professionele ondersteuning aan onderwysers bied, sowel as Die Wolkskool wat 'n volledige onderwysbestuurplatform en aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12 bied.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za